

Oep vi Kloek



SEPTEMBER 2017 - UITGAWE 140 Get Together se maandelikse nuusblad -
gevul met stories vanuit ons wêreld.

Van my kant af.....

Die lente is hier, en dit is pragtig! Lentedag is vir my spesiaal, amper soos Kersdag of Valentynsdag. Dis iets wat gevier moet word. Alles voel nuut en vars, dit is 'n tyd van verwagting en droom. Dit is 'n tyd van omgee, kyk om jou rond en raak betrokke by enige omgee-projek. Al kan jy nie finansiël bydra nie, kan jy altyd jou *tyd* gee.

Omgee en lente loop saam, altwee gee jou 'n nuwe hoop vir lewe. So leef met oorgawe, wees kreatief en gee om. Dank God vir jou gesondheid en dat jy die mooi van die lewe kan waardeer.



*Omgee-
Groete*

Antonette

■ September Dagboek

1 Losliddag

Lentedag

6 Sekretaressedag

24 Erfenisdag


29 Skole Sluit

30 Macufe Begin



*Spesiale LENTE aanbiedinge vir
September 2017*

Stapelbroodjie - R39,00



Sakpas- Burger - R16,00



Banana & Strawberry Smoothie
- R30,00



Biltongtert met Slaai -
R45,00



Giggelgogga

Polisiebeamptes behoort nie spieëldonkerbrille te dra nie. Die hele tyd wat die ou my uittrap dink ek net: Ek moet regtig my hare by iemand anders laat sny. - Bonnie McFarlane



Ditjies & Datjies



Cyberloggers



As my vrou ontsteld raak, is dit net nodig om vir haar in 'n sagte stemmetjie te sê: 'Bly nou kalm...' om haar BAIE ontsteld te kry. -

Resep vir die maand

ILSE SE KAAS EN BOBOTIE LASAGNE GEREG- Geen Styvel

5 eiers

Sout en peper na smaak

1 ui (gekap)

1 blikkie sampioene (vars is ook reg)

2 t kerrie

2 t borrie

¼ k asyn

2-3 eetl versoeter

1 k fyn gesnipperde kool

¼ greenpepper

500g maalvleis

1 k gerasperde kaas

Klits eiers, sout en peper goed en hou eenkant. Braai uie en greenpepper tot bruin. Gooi kerrie, borrie, asyn en versoeter by.

Braai vir 5 minute. Gooi kool en sampioene by en braai tot kool begin verlep. Gooi maalvleis by en braai tot bruin. Skep in 'n oondvaste bak en sprinkel kaas oor en 3/4 van die eiermengsel.

Roer deurmekaar en gooi laaste eiermengsel oor. Bak op 180 grade tot eier gaar en goudbruin is.

Laat 10 minute staan voor bedien



Oor 'n koppie koffie saam met **Geraldine Scholtz**



FOTO KREDIET: Flash that Studio

Vertel ons meer van jouself?

Vandat ek 'n klein dogtertjie was, wou ek net sing. Ek het 'n groot passie vir musiek. My droom is om mense se harte aan te raak met my musiek. Ek woon tans in die Laeveld en besoek gereeld Gauteng vir optredes. Ek geniet die lewe en wil mense om my inspireer met die lesse wat ek sovêr geleer het.

Waarmee is jy tans besig?

Ek het onlangs my eertse enkelsnit uitgereik met die naam "SOMMER". Ek kan ook nie wag vir die musiekvideo wat binnekort bekendgestel gaan word nie. Ek is later die jaar by Aardklop te siene, waar ek gaan optree.

Jy het 'n ongelooflike suksesvolle loopbaan. Wat is jou geheim?

Om altyd positief en dankbaar te wees vir elke geleentheid wat op 'n mens se pad kom. Om te glo dat jou drome moontlik is al lyk dit soms onbereikbaar en om altyd hard te werk.

Wat is die hoogtepunt van jou lewe sover?

Een van my drome het waar geword en dit is om my musiek met die wêreld te kan deel – dit is by verre die hoogtepunt vir my.

Water mikpunt wil jy nog bereik?

Om my eerste vol album te kan uitbring.

Wat dryf/ motiveer jou?

My passie vir musiek en die feit dat ek mense daardeur kan aanraak.

Wat is jou gunsteling

Flied: Die nuwe Beauty and the Beast. Ek hou van flieds met 'n gelukkige einde.

Musiek: Enige iets van Celine Dion en Taylor Swift.

Kos: Natuurlik Pasta en vir nagereg kan ek nie Lemon Meringue weerstaan nie.

Volg my asseblief op sosiale media:

Facebook: <https://m.facebook.com/GeraldineScholtzMusic/>


Webblad: www.geraldinescholtz.com

My enkelsnit is beskikbaar op iTunes en Google Music.

Dankie vir jou bydrae. Ek is seker ons lesers gaan baie genot daaruit put om meer van jou uitsonderlike lewe uit te vind.



Elpizo huis in Hospitaalpark



Saal 6 A Universitas Hospitaal

Ons winter-projek het op 'n hoë noot afgesluit met Get Together Technicon (Cecile Bester as bestuurderes) wat 9 baba kombesies aan die Elpizo huis geskenk het. Get Together Crossing (Petra Maas as bestuurderes) het 14 kombesies aan pasiënte in saal 6A te Universitas Hospitaal geskenk. Baie dankie aan een en elkeen wat gehelp het met die brei van die blokkies en ons so in staat gestel het om ons droom te verwesenlik.

Mooi so!

Oep vi Kleek

Klets saam:

REDAKSIE A. Piek, V. Swart
ONTWERP V. Swart

GET TOGETHER TAKKE

CROSSING Nelson Mandela
Rylaan (051) 444 3179
TECHNICON Parkweg, Willows
(051) 448 4553
gettogethercs@gmail.com

DRUKKER

Xerox U.V. Kampus Tak
(051) 401 3378